



Die



Paniek van Gewetenskaplikheid Pak Empire-Handlangers

K.G. Bring Hulde aan Ge-interneerdes

„Al skei die Empire se doringdraad u van ons — ons harte klop saam met u harte in eerbied en in dankbaarheid”, het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, in sy Helderdegade te Koffiefontein gesê toe die Ossewabrandwag die geïnterneerdes gehuldig het vir die offers wat hulle bring vir die vryheidsaak.

Hoewel die vergadering deur die Minister van Justisie belet is, het twintig offisiere en Brandwagte namens die hele Beweging in die stadssaal vergader — die hoogste aantal wat deur die betrokke noodregulasie toegelaat word — om na die boodskap van die K.G. aan die geïnterneerdes te luister. Die Kommandant-generaal het as volg gepraat:

Aan ons kamerade in die Konsentrasiekamp: Sowat ses jaar gelede het die regering 'n noodregulasie gepromulgeer om die hou van vergaderings van meer as twintig persone beletbaar te maak. Nooit, sover ek weet, is van hierdie noodbepaling gebruik gemaak nie. Nie teen Joodse kommuniste wat natuurlike opsweep nie, en ook teen niemand anders nie. Nooit — tot op hierdie dag en op hierdie plek. Nou dat die oorlog, volgens hulle, feitlik verby en gewen is, nou gryp hulle na hierdie paniekmaatreël. Nou eers, en hier eers. Hoekom? Omdat vandag Helderdegade is, en omdat hier 'n konsentrasiekamp is. En omdat oor 'n duisend vryheidsstryders van die Afrikanerdom in hierdie kamp moes kwy, onaangeklaag en onverhoed. En omdat die regering nooit die moed had om een enkele een voor 'n ope hof te bring oor die rede van sy gevangenskap nie.

Daarom het 'n paniek die Empire-handlangers gepak. 'n paniek van skuld en van histerie — „Conscience makes cowards of us all”. En niérens is hul gewetenskaplikheid heftiger as juis in die omgewing van die konsentrasiekamp en juis op hierdie Helderdegade. Vandaar die aandrang tot hierdie verbod. Laat ons van hierdie Empire-handlangers afstap met hierdie woord: net so hoog as wat ons dink van ons vryheidskamerade, net so min dink ons van hul vervolgers.

Namens die Strydbeweging wat die vaandel van vryheid hoog gehou het by die ses swaar oorlogsgjare lank, kom hierdie vergadering — die grootste wat die dwangmaatreël toelaat — om op Krugerdag, op Helderdegade, ons hulde aan die kragtige Afrikaners, onder wie twee kleinsone van Paul Kruger self, te betuig. Aan die wat nog sit, sowel as aan die wat reeds uit is, meestal onder beperkings wat hulle nie net van hul werk beroof het nie, maar hulle selfs belet om werk te soek.

Kamerade, elke stryd verg sy offers uit die strydende gelede. En waar ons geslag gevaar geloop het om die vryheidsstryd slegs uit die verlede te ken en om net by heen-gegane helde die besieling te gaan soek, daar het u, deur u trou en deur u standvastigheid, getoon dat die geloof nog nie gesterf het nie, ook nie in die Jong Suid-Afrika van vandag nie. Waar die vryheidsaak na offerande geroep het, daar het u as vanselfsprekend uself op die altaar van ons volk gaan lê. Daarvoor sal nageslagte u nog eer, en daarvoor eer ons u vandag.

Vyf jaar lank moes gely en geoffer word en sodoende is aan vriend en vyand die bewys gelewer dat die vryheidsgees nog brand in duisende van Afrikanerhartes, ook vandag. Baie mense het u misken, talle het u veroordeel in hul onkunde — u,

wat die regering nie eens gewaag het om voor 'n hof te bring nie — en sommige het gejuig oor u leed, en selfs probeer om munt uit u lyding te slaan, terwyl hulle besig was om u persone aan die handlangers van die Empire uit te lewer.

Maar u kamerade in die Strydbeweging ken u en eer u vir wat u werklik is — die fakkeldraers van die



ONS KOMDT.-GENERAAL (Dr. J. F. J. van Rensburg.)

vryheid. Daarom het die Ossewabrandwag op net een plek in u hele vaderland oorgegaan tot 'n aparte, eie viering van Helderdegade. En daardie een plek is in die aangesig van die konsentrasiekamp. Al skei die Empire se doringdraad u van ons — ons harte klop saam met u harte, in eerbied en in dankbaarheid.

En met u eer ons u moeders en vrouens en kindertjies, wat deur hul stille moed en volharding die offers waardig geblyk het wat hul geliefdes in hierdie kamp moes bring.

Kamerade in die Konsentrasiekamp, namens die duisende daarbuite: Ons bring hulde! Ons bring hulde! Ons bring hulde!

Die toegang by die deur is streng gekontroleer, sodat slegs twintig persone, afgesien van polisie, in die saal toegelaat is. Hulle was: Die Komdt.-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, generaal H. J. R. Anderson, generaal C. L. de Jager, generaal J. Lubbe, veldkte, mev. T. A. Immelman, h./komdt. J. A. Swingler, komdt. J. L. Immelman, h./komdt. G. Radloff, komdt. C. M. Immelman, mnre. Du Toit, J. E. Reynold, J. I. van der Berg, N. J. Snyman, E. W. Hoffman, D. J. (Vervolg op Bladsy 3, kol. 2)

Groot Liberalis Raak Halfbekeerd Teken Doodsertifikaat van Demokrasie

In 'n toespraak verlede week in Johannesburg het die groot liberalis, min. J. H. Hofmeyr, verklaar dat hulle die individualisme (die leer dat die enkeling vrygelaat moet word om sy eie koers te gaan en wat die grondslag van die demokratiese opvatting vorm) van die afgelope een die rug toegekeer het. „Daar is 'n toenemende neiging tot burokrasie, nie alleen in Suid-Afrika nie, maar ook in ander lande”, het hy gesê. „Hierdie neiging is nie opsetlik deur die regerings geskep nie, maar eerder 'n gevolg daarvan dat meer en meer 'n beroep op regerings gedoen is om op te tree in sake waarin hulle verplig was om die uitvoering aan amptenare oor te laat.

Op hierdie manier moet die regering steeds meer sy neus in die sake van individue steek, en dit is burokrasie”. As voorbeelde van die nuwe ontwikkeling het min. Hofmeyr verwys na behuising en grondverspoeling. „Voorheen het niemand daaraan gedink dat dit sake is waarin die regering moet optree nie. Toe was daar ook grondverspoeling en agterbuurte”. „... 'n Mens wil vra: Waartoe veg Suid-Afrika dan nog teen Duitsland juis omdat hy die rug op demokrasie en individualisme gekeer het? En Duitsland het 'n baie beter redmiddel gevind vir min. Hofmeyr se moeilikheid as wat hy met sy burokrasie aanbied.

S.A. GEE AMERIKA 'N VOORREE

In Na-oorlogse Wedloop


Voor die kongres van die Gefedereerde Kamer van Nywerhede verlede week, het die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling, mnre. S. F. Waterson, verklaar dat die oorlog in die Ooste voort sal gaan om die eerste aanspraak op die bronne van die Geallieerdes te hê en dat Suid-Afrika 'n belangrike voorradebron vir die gewapende magte sal wees.

Ons nywerhede sal dus voortgaan om oorlogsmateriaal te produseer vir rook en damp, onderwyl Amerikaanse handelsware die Suid-Afrikaanse mark verower, soos lode van die Britse Laerhuis onlangs reeds aangetoon het. Dit word gedoen wanneer die Engelse in Londen al begin kern oor die Amerikaanse indringing op die Dominiale handelsveld! Suid-Afrika gaan dus vir Amerika op volle skaal oorlogsmateriaal lewer in Amerika se stryd teen Japan, terwyl Amerika self intussen sy oorlogsfabriek oorskakel na vredesproduksie ter uitkakeling van die Afrikaanse nywerhede met die oog op die na-oorlogse handelstryd!

ONRUS IN FRANKRYK

Die Engelse pers begin nou self erken dat die toestand in „bevyde” Frankryk alles behalwe rooskleurig is. Die Cape Times meld dat die berigte afkomstig van korrespondente uit Frankryk „nie te bemoedigend is nie”. Dit openbaar aansienlike onrus in die provinsies en selfs wetteloosheid op sommige plekke. Die „groot vraagstuk van die Franse owerheid is om sy handlangers „te sniwer” en die weerstandsmagte te ontwaren. Verder word berig dat die streeklommisaris van die verskillende staatsdepartemente na Parys gekom het om te rapporteer en dat sommige van hul rapporte „opangenaam was”. Daar was baie willekeurige inheftensnomings en selfgemaakte gezagheerheid is uitgeoefen deur militeêre howe van die opstandelinge waaron gewone regters geweer het om sitting te neem, aangesien hulle deur die onghesiste gepeupel gedwing word om vonnisse uit te spreek wat die gepeupel as reg beskou.

Verder het De Gaulle die Geallieerdes die ernstige verwyte toegevoeg dat hulle net hul eie belange nastreef en Frankryk in die steek laat.



JOHAN HEFER

- Dit is oorspronklik, volledig, modern en pragtig geïllustreerd.
• U onderdom of ambag is geen hindernis nie.
• Geniet die lewe deur gesond en sterk te wees.
• Baie Springbok-atlete en Kampioen Sportsmanne in die land is Hefer-leerlinge.

Skryf om besonderhede aan:

JOHAN HEFER — Posbus 8809 — JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.

Naam .....
Adres .....

BINNE 10 DAE

NADAT U MET MY KURSUS BEGIN HET, SAL EK BEWYS LEWER OM 'N NUWE MAN VAN U TE MAAK OF U FOOIE TERUG TE BETAAL.

- Geen ander kursus kan u hierdie waarborg gee nie.
• 15 jaar se ondervinding en studie van die menslike liggaam stel my in staat om u die beste afrigting per pos te gee.
• Hierdie kursus is die beste en goedkoopste (vir sy hoë gehalte) in die wêreld.

## MAATSKAPPYVERGADERING

# EXCELSIOR MEUBELS BPK.

## Derde Jaarlikse Algemene Vergadering

By geleentheid van die derde jaarlikse algemene vergadering van aandeelhouders gehou op 6 Oktober 1944 in die geregistreerde kantoor van die maatskappy te Johannesburg het die Voorsitter van die direksie, mnr. J. H. van Vuuren, die aandeelhouders soos volg toegespreek:

Dames en Here,  
Dis my aangenaam om vir u ooreweging en aanname, die direksieverlag en geouditeerde finansiële state van u maatskappy vir die boekjaar geëindig 30 Junie 1944, voor te lê.

Die handelswinst was £71,703.8.11 in vergelyking met £45,801.16.10 van die vorige jaar. Nadat alle fabriekasie- en administrasiekoste afgetrek, en behoorlike voorsiening gemaak is vir waardevermindering, bly daar 'n saldo van £16,270.1.11, waarvan 'n bedrag van £5,964.14.5 aangewend is t.o.v. rente op u maatskappy se leningsrekening by Spoorbondkas Beperk. Dit laat dus 'n netto-winst van £10,305.7.6. Hierby moet 'n bedrag van £348.17.3 gevoeg word t.o.v. korting ontvang op die kapitale koopprys van Vera-Meubels Beperk, sowel as 'n bedrag van £13,480.9.1 wat oorgegdra is van die vorige boekjaar waardeur die totale bedrag op £24,134.13.10 te staan kom.

Uit hierdie syfer is 'n bedrag van £720.13.9 aangewend vir betaling van 'n diwidend van 8 persent op aandele vir die vorige boekjaar. 'n Tussen-tydse diwidend van 4 persent vir die half-jaar geëindig 31 Desember 1943 is verklaar en by die verklaring van 'n finale diwidend van 4 persent, bring dit die diwidendkoers vir die jaar onder oorsig weer op 8 persent. Genoemde diwidende oor die afgelope twee boekjare verteenwoordig 'n totale syfer van £3,336.13.8. Voorsiening vir belasting is op £3,000 gestel, en in die direksieverlag sal u bemerk dat aanbeveel word dat die reserwefonds gestyf word met 'n verdere bedrag van £6,376.18.3, waardeur die totale bedrag verteenwoordigende die algemene reserwefonds dan op £18,375.13.0 te staan kom. 'n Bedrag van £53.0.4 kom nog in die boeke voor t.o.v. onopgeëiste diwidende by een van ons filiaal-maatskappye.

Wat die balansstaat betref, wil ek graag sekere opmerkings maak oor die vernaamste poste.

Daar het geen verandering in die pos van „vaste eiendom” plaasgevind nie. Ofskoon die boekwaarde op £9,954.4.9 staan, behoort die markwaarde tans iets oor die £14,000. Die pos „masjinerie en gereedskap” (£7,325) verteenwoordig nou slegs 40 persent van die oorspronklike aankoopprys, en is dus ook ver benede die huidige markwaarde.

„Vorrade voorhande” toon 'n styging van £22,128 op dié van die vorige boekjaar. As in aanmerking geneem word dat die maatskappy se omset met £73,962 bo die van die vorige jaar toegeneem het, dan is dit natuurlik vanselfsprekend dat 'n styging onvermydelik is. Voorraad-inkope word streng deur u maatskappy se hoofkantoor gereguleer ten einde ophoping met gevolglike onnodige bevestiging van bedryfskapitaal te voorkom aan die eenkant, en 'n tekort gepaard met stremming op die bedryfsomset aan die anderkant, te vermy. Deur middel van u maatskappy se eie fabriek word die taak van beskikbaarstelling van voorrade aan sy eie winkels aansienlik vergemaklik. In hierdie opsig het u maatskappy 'n groot voorsprong.

Wat debiteure betref, is dit vanselfsprekend dat u maatskappy, wat besig is om 'n belangrike plek in die handelslewe te verower, deeglik rekening moet hou met bepaalde en praktiese bedryfsmetodes vir die suksesvolle uitbreiding en bestending van die handelspraktijk. Die beskikbaarstelling van kredietfasiliteite is dus, uit die aard van die saak onontbeerlik. Daar is egter sekere aspekte wat

voortdurend en noukeurige aandag geniet, n.l. dat die kapitaal-fondse so vloeibaar as moontlik gehou en moontlike slegte skulde sover as doenlik ingekrimp word. 'n Ontleding van die pos „Debiteure” toon egter dat ongeveer 40 persent van die uitstaande bedrae onder ope-rekenings ressorteer en wat binne 90 dae betaalbaar is. Verder word 'n uiters versigtige beleid gevolg by kredietverlening ten einde u maatskappy se belange te beskerm en te bevorder. Die uitstaande syfer van £84,654.11.9 verteenwoordig dus minder as 20 persent van die totale omset tot dusver.

Die pos „Klandisiewaarde, Oprigtingskoste en Kommissie” is nie 'n buitengewone item op balansstate nie. Dit is van veelseggende betekenis dat u maatskappy gedurende die kort tydskied van sy bestaan daarin kon slaag om, eerstens, vier winsgewende meubelwinkels en drie fabriekke, almal met 'n goedgevestigde en uitgebreide praktijk, oor te neem en met onmiddellike gunstige bedryfsresultate voort te sit, tweedens, 'n verdere vier winkels te open, wat gesamentlik nou reeds 'n omset van 'n kwart-miljoen pond per jaar handhaaf, derdens, tegelykertyd 'n aandeelkapitaalplasing van ongeveer £133,000 kon bewerkstellig, en, vierdens, alle ander oprigtingskoste kon dek onder die totale bedrag van £17,044.17.8 soos in die balansstaat weerspieël. Hierdie pos het egter nou sy keerpunt bereik en vanaf die lopende boekjaar sal dit soveel as moontlik gedolg word.

Die ander poste aan die batekant is selfverklarend en vereis geen uiteensetting nie. Op 30 Junie 1944 het die maatskappy se tasbare bate op £181,133.13.5 gestaan.

Wat die laste-kant van die balansstaat betref, sal u ongetwyfeld met genoë kennis neem van die buitengewone styging in die toegekende aandeelkapitaal van u maatskappy. Gedurende die boekjaar onder behandeling is 'n verdere 90,562 aandele van £1 elk deur die publiek opgeneem sodat die totale toegekende aandeelkapitaal op 30 Junie 1944 op £112,817 te staan gekom het. Die vertroue wat u maatskappy reeds erlang word ten duidelike hierdeur weerspieël. Daar is vandag talle geldbesitters wat voordelige beleggingsterreine soek en gevolglik word u maatskappy se aandele steeds meer gewild, omdat dit aan die vereistes van die versigtige belegger voldoen, en tegelykertyd as uiters winsgewend aanvaar word. Die potensieële belegger besef reeds dat die meubelbedryf nog groter voorspoed na die oorlog sal ondervind, om redes wat ek 'n bietjie later verder sal behandel.

Sedert sy ontstaan was u maatskappy nog elke jaar in staat om 'n diwidend van 8 persent te verklaar, terwyl die reserwefonds met etlike duisende ponde per jaar gestyf kon word.

U direksie het rede om te glo dat die geontoriseerde aandeelkapitaal van £200,000 binne afsienbare tyd volkskrif sal wees.

Die voorwaardes van delging van die leningsrekening by Spoorbondkas word stiptelik nagekom, en gevolglik is die 1943-saldo van £90,155 vermindert na £67,125 gedurende die boekjaar onder oorsig. U direksie is egter gretig om hierdie lening so spoedig moontlik geheel-en-al te delg deur middel van eie kapitaal. Daarom het u direksie besluit om 'n uitnodiging aan aandeelhouders te rig vir vooruitbetaling van oproepe wat aangewend sal word vir aflossing van die lening. Die voordeel hiervan is van tweërlei aard: eerstens, het aandeelhouders 'n vasgestelde rente van 5 persent en 'n bonus van 3 persent per jaar op vooruitbetaalde kapitaal ontvang en, tweedens, word die maatskappy se inherente krag versterk en sy selfstandigheid verhoog.

Die pos krediteure (£31,430.4.3)

verteenwoordig op geringe uitsondering na bedrae verskuldig t.o.v. die aankoop van voorrade ooreenkomstig die gebruiklike stelsel van ope-rekening en wissels betaalbaar oor 'n tydperk van tussen 30 en 120 dae.

Ek voel dat die ander items nie spesiale aandag vereis nie.

Die besighheidsomvang van u maatskappy is oor die afgelope jaar verder aangevul deur die oorname van Vera-Meubels Beperk, en die opening van 'n takwinkel te Kroonstad. Die bate van Vera-Meubels Beperk, wat 'n meubelfabrieksbesigheid dryf onder die naam van Silvers Furniture Factory te Johannesburg, is teen kosprys oorgeneem, en geen klandisiewaarde is betaal nie. Deur die oorname van hierdie fabriek het u maatskappy uiters waardevolle masjinerie bekom, terwyl die saak self op 'n winsgewende basis voortgesit word. Tans beskik u maatskappy oor drie meubelfabriekke en 8 kleinhandelmeubelsake. Ses van hierdie vertakings funksioneer as filiale maatskappye, terwyl vyf winkels besigheid dryf onder die naam van Excelsior Meubels Beperk. Kort na afsluiting van die boekjaar het u direksie 'n sentraalgeleë gebou in die Paarl aangekoop, en reëlings word nou getref vir die opening van 'n meubelwinkel wat besigheid onder die naam van „Bolandse Meubels” sal dryf. Die nuwe maatskappy word tans geregistreer en u maatskappy hou al die aandele daarin.

U maatskappy se blanke voltydse personeel het van 80 tot 108 aangegroei. Waar u maatskappy se bedryfsomvang verdubbel het, is 'n vermeerdering van personeel onvermydelik. Binne drie jaar van sy bestaan kon u maatskappy reeds 'n heenkome vir 108 blankes met gesinne bied. Hierdeur het u maatskappy op praktiese wyse presteer in die ekonomiese rehabilitasie-pogings ten behoeve van die Afrikanervolk. Nie alhier word hierdie Afrikanerseuns en -dogters in die geleentheid gestel en geskool om 'n besighheidsmoraal en -tradisie op te bou wat by die besondere aard en omstandighede van ons volk aanpas nie, maar hulle ontvang ook 'n goeie besoldiging sodat hulle nie onder die broodlyn hoef te lewe nie. Doeltreffendheid is die grondslag van sukses en 'n doeltreffende personeel moet derhalwe goed besoldig word. Salarisse en lone vir die afgelope boekjaar het £41,848 beloop.

Deur middel van u maatskappy se opleidingsskema, word jong Afrikaners op praktiese wyse in die bedryfsorganisasie geskool. Die regstreekse gevolg is dat u maatskappy reeds daarin gelang het om 'n groep jongmense in sy diens te hê wat geesdriftig staan teenoor u maatskappy en hulle daadwerklik beywer in die opbouingsproses daarvan.

Wat ongeskoolde arbeid betref, wil ek 'n belangrike aspek onder u aandag bring. Soos u weet word daar, veral in u maatskappy se fabriek, ook gebruik gemaak van nie-blanke arbeid wat ongeskoolde werk verrig. U direksie het besluit om hierdie nie-blankes geleidelik te vervang deur blankes seuns van arm gesinne en aan laasgenoemde hewer £3 of £4 per week te betaal. Die eerste aanstellings in hierdie verband word binnekort gemaak, en ek twyfel nie daaraan nie dat u en die hele Afrikanervolk hierdie beleid heelhartig sal verwelkom en ondersteun.

Sedert die laaste jaarlikse algemene vergadering het mnr. R. Dayson van Pretoria en J. H. Jooste van Brakpan tot die direktoraat togetree, terwyl mnr. J. H. de Vos uitgetree het. Kragtens die bepaling van die statute tree mnr. J. H. Jooste, J. J. Coetzee en R. Dayson af, dog hulle is weer behoorlik genomineer en stel hulle self herkiesbaar. U sal netnou in die geleentheid gestel word om u stemme uit te bring vir die verkie-

sing van direkteure. Mnr. P. J. A. Jacobs, wat as Sekretaris van u maatskappy opgetree het, is bevorder tot Hoofbestuurder, en hy neem tegeelykertyd ook nog die Sekretariaat waar. Mnr. D. Joubert, voorheen van Potchefstroom, is tot Assistent-Sekretaris aangestel. Graag wil ek van die geleentheid gebruik maak om my mede-direkteure hartlik te bedank vir hul samewerking en die goeie gees wat deurgaans geopenbaar is. Ook wil ek 'n besondere woord van dank en waardering rig tot die personeel vir hul toegewyde dienste waardeur u maatskappy so 'n suksesvolle jaar kon afsluit. Aan die maatskappy se ouditeure, regsadviseurs, sy aandeelhouders en almal wat daartoe bygedra het om sukses te behaal my innige dank en waardering.

In sy pogings om die besigheid van u maatskappy op suksesvolle wyse voort te sit en verder te bestendig, voel u direkteure dankbaar in die kennis dat u maatskappy reeds die sterkste Afrikaans-georiënteerde meubelsaak in die land is. Die noodsaaklikheid van die bydrae wat u maatskappy lewer in die algemene volks-strewe na ekonomiese selfstandigheid, word terdeë besef. Die meubelbedryf staan aan die voraand van groot ontwikkeling. Aan hierdie bedryf sal die taak opgedra word om die groot na-oorlogse boubedrywig-hede aan te vul deur middel van verskaffing van meublemente, vir behuising, kantore, kerke ens. Volgens ampelike syfers van die bevoegde instansies sal daar binne die eerstvolgende paar jaar nie minder nie as ongeveer 100,000 woonhuise gebou moet word ten einde in die behoeftes van die bevolking te kan voorsien. Kortom, die agterstand van die boubedryf weens oorlogstoestande sal ingehaal moet word, en begryplikerwyse sal die meubelbedryf 'n belangrike rol in verband met toerusting moet speel. Daarom tref u direksie reeds nou-al die nodige reëlings en voorsorgmaatreëls sodat u maatskappy hom op saaklike wyse by die na-oorlogse toestande sal kan aanpas, en die groot uitbreidingsveld en besighheidspotensiaaliteite op doeltreffende wyse sal kan eksploiteer in belang van sy aandeelhouders en die publiek oor die algemeen. Sowel die direksie en die aandeelhouders kan dus die toekoms met vertroue tegemoet sien.

Ten besluite stel ek nou voor dat die direksieverlag en die geouditeerde rekenings vir die jaar geëindig 30 Junie 1944, soos aan u voorgelê, goedgekeur en aangeneem word, en dat alle sake wat namens u maatskappy deur die direkteure aangegaan is, goedgekeur en bekragtig word.

Die voorsittersmosie is deur 'n aandeelhouer gesekondeer en eenparig aangeneem. Die aftredende direkteure, t.w. mnr. J. J. Coetzee, J. H. Jooste en R. Dayson is herkies en die vergoeding van die maatskappy se ouditeure vir die afgelope boekjaar is vasgestel.

### MARKAGENTSAP

### VROËË MOËRE-MARK

### KAAPSTAD

BETALING (IESKIED ONMIDDELIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SCIOS VERLANG.

BESTE BEEBRENDE PRYSE.

### MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Te pfoon 2-0212.

# Geweldige Uitputting van Unie se Steenkoolbronne vir Oorlog

Die Unie produseer vandag byna dubbel soveel steenkool — hoofsaaklik vir uitvoerdoeleindes met die oog op die oorlog — as voor die uitbreek van die oorlog. Die bulletin van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Havens meld in sy jongste uitgawe dat die produksie van steenkool tans gemiddeld 80,000 ton per dag is en dat in die eerste ses maande van hierdie jaar meer as twee en 'n half miljoen ton steenkool uitgevoer is. As ons hierdie syfers vergelyk met dié van voor die oorlog, vind ons die volgende vergelyking: In 1937 was die Unie se produksie aan steenkool 16,718,000 ton, waarvan 14,597,000 ton in die Unie self verbruik is en slegs 887,000 ton uitgevoer is — die res, nl. 1,260,000 ton, is vir skeeps-

doeleindes gelewer. Vanjaar egter word ongeveer 29,000,000 ton steenkool uitgehaal, waarvan meer as 5,000,000 ton uitgevoer word. Die verslag meld verder dat byna 58 persent van die ekstra steenkool wat geproduseer word vir die doeleindes van verskeping is. Geen wonder dan ook dat in dieselfde verslag gekla word dat „steenkoolvoorrade dwarsdeur die land uitgeput” is nie!

Steenkool is vir ons volkstoekoms baie meer werd as goud, want daarmee moet die nywerhede van die toekoms aan die lewe gehou word. Dat daar tans op so'n roekelose wyse huisgehou word met hierdie noodsaaklike kragbron om Stalin se oorwinning te verseker, stem tot groot besorgdheid.

## Brief aan My Demokratiese Vriend

Geagte Volksgenoot,—Daar is baie Afrikaners wat moeg is van die huidige stelsel met al sy korrupsie en onbekwaamheid, maar hulle weier om hul kragte agter die Ossewabrandwag in te werp en sodoende die nodige revolusie te bewerkstellig. Hulle het dit dan teen die idee van gesag wat deur die Ossewabrandwag verkondig word as hy praat van die gesagstaat wat hy wil bring. Hulle is bang vir hierdie gesag en vrees dat hiel persoonlike vryheid so ingekort gaan word dat hulle die bestaan van slawe sal moet voer. Dit is natuurlik alles wat die partypolitici hulle wysmaak. Jy dink vandag jy is vry om te doen wat jy wil, maar het jy werklik daardie vryheid? Jy was vry om Suid-Afrika buite die oorlog te hou, maar wat het van daardie vryheid van jou geword? Jy is vry om jou medewerking aan hierdie oorlog te weier, so meen jy, maar hoeveel pond het jy al in die afgelope vyf jaar regstreeks tot hierdie oorlog bygedra by wyse van belasting en hoeveel onregstreeks? Sommer baie geld. Of jy wil of nie, jy ondersteun die oorlog. As boer word jou beeste en jou produkte uitgevoer om die oorlog aan die gang te hou en op honderd-en-een maniere bevorder jy die oorlog. En al die tyd het jy gedink jy leef in 'n demokrasie!

Maar, sal jy teëwerp, dit is 'n valse demokrasie hierdie en jy wil graag die ware demokrasie hê. Goed, maar wat is 'n ware demokrasie? Is dit nie 'n staat waarin die meerderheid regeer nie? Nou ja, en sê nou 51 persent van daardie staat besluit om oorlog te maak wat die ander 49 persent afkeur, en veronderstel jy is onder daardie 49 persent, het jy dan die vryheid om jou deelname te onttrek? Nee, volgens jou eie beginsel het jy nie die reg nie, want jy glo dat die meerderheid se wil reg is. Jy sal moet deelneem en as jou regering besluit om jou op te kommandeer sal jy selfs jou lewe moet gaan neerlê vir 'n saak waaraan jy nie glo nie. Watter vryheid het jy dan binne die demokrasie? Jy sal antwoord dat jy darem jou eie regering kan aanwys. Goed, maar jy het hierdie reg nog altyd gehad in ons land en tog moes jy as teenstander van genl. Smuts gelate aanskou hoe genl. Smuts sedert 1933, d.w.s. nou al ELF jaar aan bewind is, en as hy verkies om die konstitusie sy gang te laat gaan, sal hy nog vier jaar lank by regeer. Met jou demokratiese vryheid en al is jy dus verplig om vyftien jaar lank te buig onder 'n bewind wat regstreeks met jou opvatting bots. En dit is ook moontlik in 'n „ideale” demokrasie, want jy glo mos dat die wil van die meerderheid baas is.

Jy merk dus dat jy vandag hoegenaamd nie vryer is as wat die vyande van die Ossewabrandwag jou wysmaak jy binne die O.B.-stelsel onvry sal wees nie. Maar weet jy wie in hierdie demokratiese stelsel wel vry is? Dit is die parasiete wat die vryheid het om in naam van sogenaamde vrye mededinging jou en jou volk ekonomies uit te buit; dit is die mense wat in naam van vrye spraak jou en jou kinders se gees verpes met walglike lektuur en 'n oneerlike pers en

wat in naam van vermaaklikheid jou volksiel verknoei met 'n Joodsbeheerde bloskoopwese — om maar net 'n paar dinge te noem.

Maar jyself het darem in hierdie stelsel een baie groot vryheid waarin niemand jou teengaan nie — die vryheid om jou volk te belaster en te verraa. Snaaks dat daar 'n demokratiese wet is wat jou belet om b.v. niks opruiende teen die Jode te sê nie, maar niks verbied jou en my om opruiende taal teen ons eie volk te gebruik nie — en hoeveel negatiewe en politieke maak nie naarsdiglik van hierdie vryheid gebruik nie!

Hierdie soort vryhede sal die Ossewabrandwag nie toelaat nie.

### WERKLOOSHEID

Volgens die sekretaris van die Vak- en Arbeidsraad sal meer as 20,000 werkers in die nywerhede van ons land na die oorlog ontslaan moet word om plek te maak vir teruggekeerde soldate.

(Vervolg van Bladsy 1, kol. 2)  
Louw, H. D. du Toit, A. van Krimpen, G. C. Viljoen, J. C. Lourens.

Voorsorgmaatreëls is getref teen moontlike steuringsaksie van buite deur kwaadgesinde elemente deur 'n afdeling van die O.B.-wag wat vir gebeurlikhede gereed was. Hul dienste was gelukkig nie nodig nie, maar word nietemin hoog op prys gestel.

Die vergadering is deur die plaaslike senior offiser, genl. J. Lubbe, geopen en is ingelei met 'n gebed deur mev. Immelman, „moeder van die noodlydendes in die kamp”. Daarna het die K.G. die vergadering oorgeneem en ook as voorsitter volle verantwoordelikheid vir die verrigtinge aanvaar. Hy het mev. Immelman, wie se onvermoeide en heildevolle hulp en gasvryheid aan besoeke-vrouens en kinders van geïnterneerde in wye kringe bekend is en gewaardeer word, verseker van die dank en respek van alle Brandwagte. Voorts het hy verduidelik wat die aard van die verbodsbepaling is, „hierdie panikerige maatregel van 'n Empire wat nie meer as twintig Afrikaners togelyk kan verteer nie”, en beklemtoon dat ons namens die O.B. op Helderdag hulde kom betuig aan gevange vryheidstryders. Daar word baie van 'n Republiek gepraat en nog meer van presidente. As historiese regverdigheid moet seëvier, dan behoort 'n toekomstige president uit die kampgeledere te kom — die manne wat die offers op die altaar bring — net soos die Ierse president vandag, De Valera, uit die tronkselle van hoogverraad na die hoogste leiding van die Ierse volk gekom het.

Presies om drie-uur het die K.G. die vergadering tot aandaag geroep en meegedeel dat uit die kamp laat weet is dat die kamerade op klokslag drie sou aantree en drie huldes uit volle bors op die Ossewabrandwag sou uitbring. Die kamp se huldes is staande ontvang.

Die vergadering is afgesluit met die Stem van Suid-Afrika, en die huldes op die gevangenes.

## REGEER IS VIR HULLE VERKIESINGS VEG

### Demokratiese Opvatting

In sy doodsertifikaat van die demokrasie het min. Hofmeyr na behuising en grondverspoeling verwys as bewys dat die ou bedeling oorlede is. „Voorheen het niemand daaraan gedink dat dit sake is waarin die regering moet optree nie”, het hy gesê.

Dit is presies wat Die O.B. 'n paar weke gelede teen die demokratiese partystelsel ingebring het. Die politici was nog steeds te besig met die veg van verkiesings om aandag aan hierdie sake te gee. Vir hulle het „regering” nie die bestuur van die land beteken nie, maar die stryd teen die opposisie met die oog op die volgende verkiesing. Om hierdie sake nou oor te laat aan die amptenare onderwyl die sogenaamde „regering” nog steeds vir sy blote bestaan in gedurige stryd moet verkeer teen 'n amptelike opposisie, beteken om die arme amptenare net nog verder te belas met die lyk van 'n afgestorwene wat eintlik begrawe moes gewees het.

Die demokrate kan nie besef dat die oue verby is dat iets heeltemal nuuts in die plek daarvan moet kom nie, naamlik 'n nasionale en sosiale gesagstaat gegrond op die suiwer beginsel van volksregering.

## O.B.-VELDPREDIKER TER RUSTE GELÊ

Onder blyke van groot deelneming is in Johannesburg ter ruste gelê op 29 September l.l. eerw. Pieter Roode, in lewe veldprediker van die Franschhoek-kommando. Die roudiens, onder leiding van eerw. Esterhuizen, is gehou in die N.H. of G. Kerk, Mayfair-Noord, 'n omgewing waar die oorledene sowel as sy eggenote alombekend en bevriend was.

Die lykrede is gehou deur ds. Jac. Muller van Villiersdorp, wat as tekswoord geneem het Math. 25:21, „Mooi so goeie en getroue slaaf. Oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel”.

Ds. Muller het met groot lof gepraat oor die dienste wat die oorledene as ovangeliedienaar gelewer het. „Hy was 'n troue dienaar van sy God, sy Kerk en sy volk”, het ds. Muller betuig.

Eerw. C. A. Roode, oudste broer van die oorledene, het namens die familie 'n paar woorde van vertroosting en bemoediging aan die eggenote en kinders gerig.

Ds. J. P. Roux het die diens met gebed voorgestaan en ds. P. S. Z. Coetzee het die slotgebed gedoen.

Onder die talle kranse was een van die Hoofkommando Paarl en Wellington, en een van die Franschhoek-kommando. — (Korr.)

## „KAN NOOIT RAAI NIE”

### Demokratiese Eienskap Van Papheid

„'n Mens sou nooit geraai het dat ons in die land kan bereik wat deur die nywerhede gedoen is nie”, het genl. Smuts verlede week gesê toe hy die oorlogspoging van die Suid-Afrikaanse nywerhede geloof het by geleentheid van die kongres van die Gefedereerde Kamer van Nywerhede.

Daar is nog baie ander dinge wat die imperialiste en demokrate as onmoontlik beskou en daarom vandag besty as ander mense, besiel met daadlus, 'n nuwe beleid aan die volk verkondig. Hulle sal nog almal ontugter word. Die Ossewabrandwag glo dat niks onmoontlik is as dit met geloof en daadkrag aangepak word nie. Sy beleid word gekenmerk deur grootse planne met omverwerping van alle lapmiddel, in die vaste vertroue dat dit deurgevoer KAN word deur 'n volk wat verenigd optree in arbeid — en nie versnipperd in nuttelose ewigdurende partytwiste, soos onder die parlementêre stelsel nie. Hy glo ook verder dat 'n mens hierdie groot dinge aanpak en deursoen nie net in belang van 'n oorlog nie, maar uitsluitend in belang van die volk in vredestyl.

Die demokrate kan gewoonlik „nooit raai” dat daar iets meer is as wat hulle oor twis nie.

## 'n Jong Afrikaner skryf as volg:

„Al my suksesse skryf ek toe aan die eerste klas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses.”

## Meer as 200 Kursusse.

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.

In belang van Opvoeding nie van winste nie.

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).

# Helpmekaar-korrespondensie-kollege

VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,

JOHANNESBURG

Posbus 3512 Foon 22-3512

(O.B., 27 Sept. 1944)

# AANDAG!!

EXCELSIOR WYNE verower 3 silwer bekere en verskeie eerste pryse op Paarl Wyn-tentoonstelling 1943.

Bestel direk van Produseerder

JOHN SCHOEMAN,

„EXCELSIOR”

VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

	Per Bottel	Per Gelling
Spesiaal . . . . .	2/3	10/-
Rooi Jeripiko . . . . .	1/9	8/-
Wit Jeripiko . . . . .	1/9	8/-
Malmsey . . . . .	1/9	8/-
Soet Muskadel — rooi	1/8	7/6
Soet Muskadel — wit	1/8	7/6
Soet Port . . . . .	1/8	7/6
Port . . . . .	1/6	7/-
Pontak . . . . .	1/6	7/-
Worcester Hock . . . . .	1/6	7/-
Spesiale Sjerrie . . . . .	1/6	7/-
Sjerrie . . . . .	1/5	6/6
Moskonfyt . . . . .	1/6	6/6

Voeg by 5/- vir Kissie en Bottels en 20/- vir Vaatjie, wat voorged sal word by terugsending spoorvrag betaal.

L.W. — Wyn word alleen in Kissies van 12 groot bottels of Vaatjies van 5 gell. en meer verkoop.

Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne of K.B.A. plus treinkommissie v.o.s. Vlakteplaats-stasie.

LET WEL. — Moskonfyt word alleen voorsien in Kissies van 12 bottels of in 4-gel. Karba's, waarop die dep. 5/- en 10/- respektiewelik is.

## ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.

### PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE. (Edms.) Bepersk MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

# Tweede Dwaling

Minister Hofmeyr het verlede week die erkenning gedoen dat hulle vir goed afgesien het van die individualisme van die verlede en dat die staat dus al meer sal ingryp in die private aangeleentheid van die onderdaan. Hy sien dan die toekomstige staat as 'n burokrasie of amptenaars-regering. Die rede vir hierdie verwerping van 'n beginsel waarvoor die demokrasie die oorlog aangebied het, skryf hy toe aan die eis van die publiek om groter beheer van staatsweë. Dit is maar 'n baie oppervlakkige motivering. Die feit is dat hierdie mense met hul veronderde opvattinge nie op versoek van die publiek 'n stap vooruit waag nie, maar onder dwang van geskiedkundige noodwendigheid — 'n noodwendigheid wat die Ossewabrandwag in sy beleidsverklaring drie jaar gelede as volg geformuleer het uit die pen van wyle genl. Herizog: „Die stadium van ontwikkeling van die Europese mensdom, waarvan ons in Afrika die voorpos is, het die punt bereik van 'n ingewikkelde ekonomiese en sosiale bestaan wat die herkepping van die grondslae en instellings van sy staatkundige en sosiale struktuur vereis.”

Dit het eenvoudig onmoontlik geword om 'n staat te bestuur op die veronderstelling dat elke enkeling die hoogste mate van vryheid moet besit, wanneer die ekonomiese en maatskaplike verhoudinge binne daardie staat so ingewikkeld geword het dat die vryheid van een enkeling dié van 'n ander verdring. Dit is 'n vanselfsprekendheid dat 'n mens nie 'n samelewing van miljoene mense met ingewikkelde en veelvoudige verhoudinge op dieselfde wyse kan bestuur as 'n paar duisend landelikes nie. En dit is wat die demokrasie nog steeds wou doen en vandag ook nog in die party-politiek voorstaan. Die gevolg was en is 'n warboel in alle demokratiese lande, so groot dat die een regering die ander in steeds toenemende tempo opvolg, natuurlik met steeds versleggende gevolge.

## LEKE REGEER

Die demokrasie staan viervoet op daardie individualisme wat min. Hofmeyr nou die rug wil toekker. Dit aanvaar die vryheid van die enkeling om in die hoogste mate deel te neem aan die landsbestuur. Elke domkop of uitwas wat die prestasie behaal het om een-en-twintig jaar oud te word, het volle seggenskap in die bestuur van die land en word gevra om uitspraak te doen oor sake wat sy verstand te bowe gaan. Die wetgewende mag van die land sit volgepomp met leke wat nie daar is op grond van hul besondere kennis van staatkundige of ekonomiese sake nie, maar op grond van die ratsheid van hul tong en die vermoë om hulself na vore te manuevreer op die rug van 'n kortstigtige en gemoedlike kieserskorps. Die parlement en senaat kan weens hul leke-karakter nie meer regeer nie en die kabinet wat uit hulle saamgestel word — en dan nog op grond van party-trou — het geen begrip van die taak wat hom opgedra word nie. Die gevolg is die bekende kommissie-aanstellery om vraagstukke te ondersoek wat bokant die vuurmaakplek van die minister is. En soms is so 'n minister nog nie eens in staat om die aanbevelings te snap wat so 'n kommissie maak nie, en dan stel hy nog 'n kommissie aan om verslag uit te bring oor die aanbevelings!

## ONHOUDBAAR

En dit is nou met hierdie stelsel wat min. Hofmeyr en die partypolitici wil voortboer. Maar dinge het begin handuitruk en as redmiddel neem min. Hofmeyr nou sy toevlug tot 'n ander onhoudbaarheid: die amptenare moet nou regeer en, ons veronderstel, die regering het dan die uitsluitende taak om verkiesings te veg!

Die oplossing van die Ossewabrandwag is baie grondiger en gesonder. In sy beleidsverklaring van 1941 lui dit: „Dit kan alleen gebeur op die basis van die Christelike-nasionale republikeinse Gesagstaat daargestel deur die volk.” Die voorwaarde vir gesag is vertroue en bekwaamheid.

# Waarheen O Brittanje?

(Deur Prof. J. A. Wiid.)

Terwyl die wapens van die Geallieerdes aan alle fronte in Europa en Asië sukses na sukses behaal en die beëindiging van die oorlog teen Duitsland in 1945 in die vooruitsig gestel word, is dit nodig om daaraan te herinner dat 'n oorlog, veral 'n totale wêreldoorlog soos die huidige, ook 'n legio van nie-militêre aspekte het. Die moontlikheid bestaan dat oorlogvoerende volke hulle blind staar teen die militêre verrigtinge as sodanig en ander veel belangriker nie-militêre sake uit die oog verloor. Vandaar die ontugterings wat op oorwinning of nederlaag volg; vandaar die blindheid van volke om die oorsaaklike verband tussen historiese gebeure raak te sien.

## „Brittanje Gaan Arm Wees”

In die „ontplofbare” toespraak wat veldm. Smuts ongeveer 'n jaar gelede in Engeland gelewer het, het hy enige nie-militêre aangeleenthede aange-roer. Hy het o.a. gewaag om te voorspel dat die na-oorlogse Brittanje 'n arm land gaan wees en in versyking met sy ryk bondgenoot, die Verenigde State van Amerika, sommer 'n baie arm land. Dit is te verstanne dat hierdie troostelose toekomsbeeld weinig in die smaak van vermoënde Britte geval het. Armoede in die stedelike „slums” en in die „distressed areas” van die steenkooldistrikte het nou eenmaal die vorm van ongenesbare melaatsheid aangeneem waarmee die snobbisme van die rykaard nie versoen kan raak nie. Om vir die Brit te sê dat hy gaan arm wees, is 'n vreeslike iets en eis moed.

Gedurende die afgelope week het nuusberigte uit Londen ons bereik wat weereens aan veldm. Smuts se toekomsbeeld van Britse armoede herinner. Volgens 'n offisiële Britse mededeling het Brittanje in die eerste vyf jaar byna vier-en-twintig-duisendmiljoen pond aan die oorlog bestee. Hierdie reuse-bedrag sluit nie in die Britse skuld aan Amerika vir bruikleen nie. As in aanmerking geneem word dat Brittanje nog nooit die rente, geswyg die kapitaal, op die Amerikaanse lenings van die eerste wêreldoorlog betaal het nie en dat die Britse nasionale skuld op die voor-aand van daardie oorlog maar driekwart miljoen pond bedra het, dan kan 'n mens enigins 'n idee kry van die huidige verbysterende oorlogsuitgawes en hul gevolge vir die Britse huishouding. Aangesien die Britse uitvoerhandel in die verlede altyd een van sy vernaamste welvaartbronne was, is dit insiggewend om uit die jongste „White Paper” van die Board of Trade te verneem dat „teen 1943 byna drie-kwart van die Britse voor-oorlogse uitvoerhandel vir die oorlogs-poging opgeoffer is.”

Hoewel hierdie kreeftegang nog aan die gang is en sy einde nog nie in sig is nie, is dit nou reeds moontlik om die betekenis van veldm. Smuts se voorspelling enigins te begryp. Hoe dit vir Brittanje moontlik sal wees om uit hierdie ekonomiese moeras te kom en terselfde tyd die „British way of life” — een van die Britse oorlogsdoelstellings — te handhaaf, sal bokant die begrip van menigene wees. Vir Brittanje skyn die enigste moontlike uitweg te wees nasionalisasie op groot skaal van die land se welvaartsbronne. Dit is ook waarop die jongste Britse Vakunie-kongres, in ooreenstemming met hul Russiese kameraade wat die kongres begewoon het, aangedring het. Hiermee egter sou die ou „British way of life” iets van die verlede wees.

## „Brittanje Gaan Swak Wees.”

Maar veldm. Smuts het in sy „ontplofbare” toespraak ook 'n ander on-

Die vertroue straal voort uit die feit dat dit 'n regering sal wees wat uit die volk self kom en dus die stempel van die volksbeleid dra, en die bekwaamheid sal daarin lê dat dit 'n deskundige regering sal wees met die bekwaamste leiers op die verskillende lewensterreine aan die hoof, elk op sy gebied. Beleid en uitvoering sal dan een wees in die gemeenskaplike strewe „na die hoogste en mees uitgebreide mate van volksgeluk en volkswelvaart, geestelik sowel as stoflik.”

verkliklike voorspelling vir die na-oorlogse Brittanje gewaag. In vergelyking met sy sterk bondgenote, aldus Smuts, sal die na-oorlogse Brittanje swak wees, die bondgenootskap sal ongeluk wees en Londen sal bondgenootskaplike aansluiting by die westerse demokrasie moet soek. 'n Mens vermoed dat met hierdie westerse demokrasie bedoel is lande soos Frankryk, en Italië hoewel die Suid-Afrikaanse Eerste Minister persoonlik die toekomstige ontwikkeling van hierdie twee state as grootmagte in twyfel getrek het.

As Dewey, die republikeinse kandidaat teen Roosevelt, in een van sy jongste toesprake beweer dat „Italië vandag 'n toonbeeld van werkloosheid, hongersnood, ontarding, misdade en wanhoop is” en as ons van hongeropstootjies en skietery in Sici-lië verneem, dan twyfel 'n mens of daar in afsienbare tyd van 'n Italiaanse demokrasie as Britse bondgenoot iets tereg sal kom.

Ook met Frankryk is dit nie anders nie. Genl. De Gaulle, die beskerming van die Geallieerdes en die hoof van die voorlopige regering in Frankryk, het onlangs ernstige klagtes teen sy beskermhare ingebring. „Met die uitsondering van Bordeaux is ons hawens buite werking. Ons spoorweg- en transportstelsel is feitlik verlam. Ons fabriek is sonder steenkool. Ons myne is in 'n verskriklike toestand. Ons landbou-toerusting is verslyt. Ons voorrade brandstof en grondstowwe is totaal uitgeput. So sien Frankryk se balansstaat vandag daar uit. Hierbenewens moet ons ons rollende materiaal, skepe en voorrade wat ons nog besit, dikwels vir militêre gebruik toe beskikking van die Geallieerde hoofkwartier stel.” Aldus De Gaulle. Hierdie Franse generaal kon net so wel bygevoeg het dat die Maquis, teen sy wil, beheer oor 'n groot deel van Frankryk voer en dat Franse besig is om Franse uit te roei.

Hierdie troostelose toestande in die „bevyde” Italië en Frankryk sowel as in ander „bevyde” lande skyn meer 'n toestand van hongersnood, ontbering, oorlog van almal teen almal, chaos en miskien ook nog pestilensie in die komende winter aan te dui as „demokratiese” bondgenote van Brittanje. Die Rooi vlag wat orals in Europa sy verskyning maak, wys op Russiese en nie op Angel-Saksiese bondgenote nie.

Die sogenaamde ideaal van mags-ewewig wat in die Brits-Franse oorlogsverklaring in 1939 so 'n belangrike rol gespeel het, skyn vandag verder van verwesenliking te wees as destyds. Die Russiese Kolos en die magtige Amerika het die ewewig-idee grondig versteur. Die arm en swak Brittanje van Smuts sal teen wil en dank moet saamdra. Dit het die Britte aan hul staatsleiding en aan hulle self te danke; en dit skyn hul lot te wees selfs al word 'n totale oorwinning oor Duitsland en Japan behaal.

Politieke partye glo in eenheid deur insluiting.

Die Ossewabrandwag glo in eenheid deur samewerking.

## DEFTIGE SOMERSHOEDE in groot verskeidenheid



Parow se Moderne DAMESMODISTE Voortrekkerweg — PAROW

## ONDERSTEUN ! ! ! !

Poskantoor Haarkappers Kerkstraat 173 - - - - - PRETORIA vir DAMES en MANS Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT

## O.B.-SKRYFBLOKKE

met 2 pakkies bypassende koevert. DIE BESTE GEHALTE VOOR- OORLOGSE PAPIER.

3/6 posvry.

KONTANT MET BESTELLING. Bestel deur:

Gebiedshoofkwartier Kamer 603, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

## R.D.B., CERES.

Reddingsdaad-Dag, 28 Okt. 1944.

2.30 n.m.: Opening Basaar ens.  
6 n.m.: Braaivleis ens.  
7.30 n.m.: Toespraak: Dr. M. S. Louw.

Daarna: Volkspede ens. ALMAL WELKOM.

## Die Nuwe Afrikaanse Klankrent DONKER SPORE

van C. J. LANGENHOVEN word vertoon deur VOB! op: KAAPSTAD (Hofmeyrsaal) .. 22 tot 28

	OKTOBER
VREDENBURG .. .. .	30 OKTOBER
VELDRIFT .. .. .	31 OKTOBER
AURORA .. .. .	1 NOVEMBER
REDELINGHUIS .. .. .	2 NOVEMBER
CITRUSDAL .. .. .	3 NOVEMBER
LAMBERTSBAAI .. .. .	4 NOVEMBER
LEIPOLDTVILLE .. .. .	6 NOVEMBER
CLANWILLIAM .. .. .	7 NOVEMBER
CLANWILLIAM .. .. .	8 NOVEMBER
NIEUWOUTVILLE .. .. .	9 NOVEMBER
LOERIESPONTAIN .. .. .	10 NOVEMBER
CALVINIA .. .. .	11 NOVEMBER
CALVINIA .. .. .	13 NOVEMBER
CALVINIA .. .. .	14 NOVEMBER
PORTERVILLE .. .. .	15 NOVEMBER
PORTERVILLE .. .. .	16 NOVEMBER
PAROW .. .. .	17 NOVEMBER
MAITLAND .. .. .	18 NOVEMBER
MAITLAND .. .. .	19 NOVEMBER
DURBANVILLE .. .. .	20 NOVEMBER
EPPINGTUNDRUP .. .. .	21 NOVEMBER
WELLINGTON .. .. .	22 NOVEMBER
BELLVILLE .. .. .	23 NOVEMBER
BROOKLYN .. .. .	24 NOVEMBER
PAARL .. .. .	25 NOVEMBER
PAARL .. .. .	26 NOVEMBER
TIERVLEI .. .. .	27 NOVEMBER
GOODWOOD .. .. .	28 NOVEMBER
WOODSTOCK .. .. .	29 NOVEMBER

## O.B.-ARTIKELS AANBOD AAN KOMMANDO'S

Op bestellings van 10 of meer van die volgende O.B.- artikels sal aan Kommando's 'n korting van 15% toegestaan word:—

Nuwe O.B.-Wapen in kleure, 14" x 10", ongeraamd .. . . .	3/6
O.B.-Skryfblokke .. . . .	2/6
O.B.-Sangbundels .. . . .	2/6
K.G.-Knopies .. . . .	6d.
K.G.-Strikkies met vier kleure .. . . .	6d.
Jopie Fourie-Knopies .. . . .	6d.
Paul Kruger-Knopies .. . . .	6d.

Bestel van die Amptelike Verspreiders:

PUBLICITÉ HANDELSREKLAMEDIENS (EDMS.) BEPERK, Posbus 4892, Spoorbondkasgebou 507, JOHANNESBURG.

# Ontsettende Plundering van S.A. Se Veestapel Vir Oorlog Kolossale Skandaal met Vleisvoorrade — Sels Toekomstige Beeste Geslag

Die plundering van Suid-Afrika se veestapel in belang van die oorlog het reeds die stadium van 'n skandaal verbygetree. Of die skokkende gegewens wat dusver deur die Minister van Landbou verstrekk is, die uitkoms is van buitengewone openhartigheid aan sy kant dan wel of dit nog maar net dié gedeelte van ministeriële bedrywigheid is waarvan die aankondiging in die openbare belang geag word, is nie duidelik nie. Daar kan slegs gehoop word dat dit die volle omvang van die plundering aandui, wat al verregaande genoeg is.

Voor sy partykongres verlede week het die Minister aangekondig dat daar gedurende die eerste vier oorlogsjare vyf jaar se voorrade aan beeste geslag is, d.w.s. 'n jaar se voorrade ekstra. En so uitgeput was die aantal slagbeeste in die land dat die Minister verder moes toegee dat daar verlede jaar baie koeie in kalf geslag moes word. Dit beteken dat die oorlog nie net wegsleg wat daar op die oomblik is nie, maar dat hy ook 'n onberekenbare aantal beeste uit die toekoms byhaal wat in latere jare op die mark kon gewees het.

Behalwe die 80,000,000 pond vleis wat in die jare 1942-'43 vir militêre doeleindes uitgevoer is, het die regering ook nog 53,000,000 pond vleis na Engeland uitgevoer, sodat daar in die twee jaar tesame byna 140,000,000 pond vleis die land uitgevoer is. Vergelyk hierdie syfer met die normale gemiddelde uitvoer voor die oorlog van 18,000,000 pond beesvleis per jaar, en 'n idee kan gevorm word van die ontsettende uitroeiing van ons slagvee.

### OPGEHOOP

Maar nie net het die oorlogsdepartement miljoene ponde vleis uitgevoer nie, maar miljoen ponde lê êrens in die land opgehoop — tot so 'n mate dat die Departement van Verdediging twee maande gelede kon onderneem het om 500,000 pond blikkies vleis weklíks te verskaf „solank die vleis-tekort duur”, en verlede week is nog 'n verdere 200,000 pond blikkies wors vrygestel. Dit beteken dat die Verdedigingsdepartement totsover reeds byna 5 miljoen pond blikkies vleis wat hy te veel besit het, teruggegee het aan die publiek en dat hy kans sien om voort te gaan vir solank die tekort duur, en die einde is nog nie in sig nie. Intendeel.

Hierdie vleis moes op die oomblik nie in blikkies gewees het nie, maar in die veld. Dit is die koeie in kalf waarna die Minister verwys het!

Nog groter word die skandaal as ons die jongste gegewens van die Minister ontleed. In 'n besonderhoud het hy naamlik aangekondig dat die blikkiesvleis wat voorheen teen 1s. 9d. per pond aan die publiek verkoop is, nou 3d. goedkoper sal wees. Hierdie prysvermindering is dan moontlik gemaak deur dat die Minister van Finansies nou ingewillig het om sy 12d. belasting op elke pond vleis af te staan en die Departement van Verdediging nie meer 2d. per pond administrasiekoste eis nie. Die ander pennie word weggevat van die kleinhandelslagter.

Dit beteken dat die publiek twee maande lank nie net geweldig moes sukkel om vleis in die hande te kry wat op die mark sou gewees het indien die Departement van Verdediging nie 'n jaar se voorrade voornit geslag en weggegee het nie, maar dat die huisvrou nog 2d. onnodige belasting op elke pond vleis moes betaal.

### HOË KOSTE

Maar ook dit is nog nie al nie. Wanneer die gewete van die oorlogsbewind hom toelaat om twee maande lank 2d. aan belasting op elke pond vleis wat hy teruggee aan die publiek, te eis, dan moet daar tog nie gedink word dat hy die blikkies vleis teen 'n verlies van die hand sal sit nie. O nee, die koste van die inmaak van die vleis, die blik en alle ander bykomende uitgawe in verband met die proses van wegbêre sal seer sekerlik bygereken word.

En as dit alles nougelei het tot

'n verhoging van die vleis se smaak of waarde, kan mens die regering nie te kwalik neem vir die kosbare onderneming nie. Maar nou is net die teendeel waar, en wel tot so 'n mate dat die Minister hom as volg moet beklag: „Mnr. Strauss het sy teurstelling uitgespreek dat die verbruik van blikkiesvleis nie op so 'n groot skaal was as wat hy gehoop het dit in hierdie moeilike omstandighede sou wees nie.”

In kort is die posisie dus so: Die oorlogsbewind slag 'n jaar se beestevoorraad ekstra op en bêre soveel weg in blikkies — klaarblyklik met die aanvanklike doel om dit uit te voer, maar in sy voorneme waarskynlik gestrem deur gebrek aan skeepsruimte — dat hy daarna 2 miljoen pond per maand in onsmaklike vorm en teen duur pryse weer kan teruggee. En om dit te kon regkry, moes daar in die afgelope jaar „baie koeie in kalf geslag word,” wat dus eintlik neerkom op 'n verdere slagting onder die beeste van die toekoms.

## VRYBURG SE OPBRENGS MET O.B.-DAG £1270

Die Generaalskap van Vryburg het met O.B.-dag die pragtige bedrag van £1270 ingesamel. Die onderskeie kommando's se bydrae was as volg:

C10a2 £213-9-0, C10a8 £78-5-6, C10b6 £100-0-0, C10b6 £226-0-0, C10b8 £240-0-0, C10c8 £200-0-0, C10c2 £92-0-0, Reivilo £26-0-0, C10 (Jeug) £93-0-0, C10 (Vrouevolksorg) £12-0-0.

## O.B.-DAG IN KNYSNA

Middelrug (Knysna) het op 12 Augusten huise van kommandante B. Barnard bymekaar gekom om hul deeltjie te doen vir O.B.-dag en die mooi bedrag van £31.5.6 is ingesamel. — (Ingestuur).

## HOË ARM DAN NIE!

Ekonomie beweer dat die gesamentlike inkomste van die bevolking van die wêreld onvoldoende is om aan almal 'n menswaardige bestaan te verseker al sou dit gelykop verdeel word. Maar daarom juis te meer vereis dit dat die bietjie wat daar is meer eweredig versprei moet word, want indien so, hoe arm moet die armes dan nie wees as daar in ons land b.v. 100 rykes is wie se aandeel uit die geringe inkomste meer as £20,000 per jaar is nie!

# Demokrate Veg Vir Kommuniste — Ook In Ons Land

Volgens 'n Sapa-berig uit Athene blyk dat die „bevryding” van Griekeland ook maar net op 'n oorwinning vir die kommuniste uitloop, soos dit in Italië die geval was en besig is om in Frankryk te word.

Die berig lui as volg, nadat verklaar is dat daar politieke botsings tussen die partye was voor die aankoms van die Engelse: „'n Toertjie deur die strate toon dat die kommunistiese E.A.M. van al die politieke partye ongetwyfeld die beste georganiseerd is. Sowel roof vlae as foto's van Stalin is oral in die stad hangebring.”

Ook dit bewys weer ons stelling dat die demokratiese partye nie by

## „DIE STRYD VAN DIE AFRIKANERWERKER”

P. J. Meyer: Die Stryd van die Afrikanerwerker, die Vooraand van ons Vrywording. Publicité Handelsreklamediens (Edms.) Bpk., Bus 4892, Johannesburg. 96 bls., prys 2/6. Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1944.

Hierdie klein werkie van die bekende dr. Meyer is seker die eerste geskrif in Afrikaans wat 'n oorsig gee oor die sosiale stryd van die werker in Suid-Afrika teen die tweelingbroer van die Imperialisme, nl. die kapitalistiese uitbuiting. Boondien is dit oor die geheel die eerste werk wat die rol van die Afrikanerwerker in hierdie verand helder in die lig stel. Voortaan sal nasionale boer en sosiale werker nie meer vir mekaar vreemdelling wees nie; voortaan sal eersgenoemde nie weer gebruik kan word om laasgenoemde se verset plat te skiet nie.

Dit is die groot verdienste van hierdie geskrif; en in die tweede plek is dit veral van waarde deur die heldere ontleding wat dit van die sosiale strominge in die arbeidswêreld gee. Die geheel verval in vier saamsluitende hoofstukke, nl. nasionale verset teen die imperialisme, sosiale verset teen die kapitalisme, nasionale en sosiale verdeeldheid, en Afrikaner-sosialisme. En in die derde hoofstuk word die verskillende sosiale rigtinge in die verkeerwêreld onderskei as die Brits-sosialistiese, die Afrikaner-sosialistiese en die natuurlike-sosialistiese. En eindelijk word aangetoon hoe die Afrikaner-sosialistiese rigting vanself die kommando-organisasie in 'n stryd toegepas het en 'n natuurlike afronding vind in die Arbeidslaer van die O.B., wat sowel die nasionale as die sosiale beweging saamvat in die eenheid van die volksbeweging sonder klas- of party-verdoelheid.

Of dit alles waar is wat dr. Meyer sê, dit kan ek nie kontroleer nie, maar dit is so mooi dat dit behoort waar te wees. Boondien skryf hy hierdie keer baie eenvoudig.


L. J. d. P.

## „BESKERM ONS TEEN ONS VRIENDE”

In die Britse Laerhuis is bedenkings geopper teen die voorsprong wat Amerika op handelsgebied verkry in die Britse dominiums. 'n Lid wou van die Minister van Handel weet wat Engeland te doen staan in verband met die langtermyn kontrakte waarby soms miljoene ponde betrokke is wat Amerikaanse fabrikante met die dominiums sluit. Die minister het die hoop uitgespreek dat Britse fabrikante ook maar solank sal begin onderhandel met aspirant kliënte al kan hulle nog nie die goedere lewer nie.

## OFFERSONDAG

Korp. S. C. Jooste van Fraserburg stuur £1 as sy jaarlikse offer vir die Noodhulpfonds met die byvoeging dat hy in Die O.B. gelees het hoe die geïnterneerde, elke laaste Sondag van die maand met dankbaarheid die offers erken wat op daardie dag dwarsdeur die land gebring word ten behoeve van hul afhanklikes. „Ek voel ek is daardie hulde nie waardig as ek nie my deel aan die end van die maand bring nie”, skryf hy.



**NEEM TOE IN  
POPULARITEIT**



**IN 'N VERANDERENDE WERELD**

**Kommando**

-SIGARETTE

Rond of Ovaal

**WAARDE VIR GELD**

BH2274

## Schoemanello Drank....

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOPSTE

<b>WYNE:</b>			
Fonkelwyn	7/-		
Lewenswyn	3/9		
Vermouth	3/-		
Hanekraal — Cocktail	4/-		
<b>SOET WYNE:</b>			
Likeurwyn en Ou Port	2/6	11/-	
Ou Wit Port en Sauterne	2/6		
Port, Rool Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel	1/8	8/-	
Jeripigo, Rool en Wit	1/9	8/8	
Worcester Hock en Pontak	1/7	7/6	
<b>SJERRIES:</b>			
Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet), Goue (Soet)	2/9		
Spesiale (Soeterig)	2/6	10/-	
Sjerrie (Soeterig)	1/8	7/3	
	1/5	6/9	

Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel kassie.  
Per Gallie in vasliefte van 5 gals. of meer.

<b>DROË WYNE:</b>			
Burgundy	1/9		
Claret en Wit Droë	1/8		

<b>BRANDREWYNE:</b>			
Super de Luxe	8/6		
De Luxe	7/6	39/-	
Ekstra Spesiaal	7/-	37/-	
F.C.	6/6	36/-	
Buchu	7/6		

<b>JENEWER</b>			
Burgundy	7/6		

<b>LIKEURS:</b>			
Crème de Cacao	7/6		
Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos	7/-		
Naeltjie	6/6		
Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment	6/6	34/-	

<b>JENEWER-LIKEURS:</b>			
Lemoen en Stuurlemoen	7/6		

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 15/- vir vaatjies of groter. U kassies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. Terme: — K.M.B. plus trekgeld na slynie, K.B.A. plus treknommisissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN,**  
POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

Noem die O.B. wanneer u by Adverteerders koop.

**Geklassifiseerde Advertisies**

**GEBORTE**

**DU TOIT.** — Van die Heer ontvang op die 25ste Sept. 1944, 'n fris boere-seuntjie. Dank aan dokter en suster. Lank lewe die Ossewabrandwag. Boerejeug H/Komdt. en Komdt. H. C. B. du Toit, Gebied „E,” Benoni.

**KAMFFER.** — Aan hoofkomdt. en mev. S. J. Kamffer, Bellville, 'n fris seun op 23 Oktober. Moeder en seun wel.

**NORTJE.** — Aan Solvel en mev. Nortje, vroeër van Brakpan, tans Posbus 3180, Kaapstad, 'n fris boere-seun op Dinsdag, 16 Oktober.

**VERLOWING**

**VAN HEERDEN — REDELINGHUIS:** Die verlowing word bekend gemaak van Anna (Breggie), tweede oudste dogter van mnr. en mev. J. Redelinghuis van Bronkhorstspuit, en Jacobus (Kokkie), oudste seun van mev. en wyle mnr. W. H. van Heerden van Pretoria.

**DOODBERIG**

**DE VRIES.** — Petrus Jacobus, heengegaan op 6 Oktober aan sy woning te Paalhuis, Dist. Beaufort-Wes, na 'n smartvolle lyding. Diep betreur deur sy eggenote, kinders, broers en susters.

**KOEGELEBERG.** — Na 'n lang en smartlike lyding, is oorlede aan sy woning, Driepan, Maquassi, ons geliefde Asst./Veldkt. Gideon Koegeleberg. Ons innige deelneming met sy swaarbetroefde vrou en kindertjies.

**VAN RENSBURG.** — Kommando's E6B6 en E6B2 voel diep die verlies met die afsterwe van ons geliefde en getroue asst./v. W. van Rensburg, Kullfontein, Davel, op 13 Sept. 1944. Hy was 'n besieling van getrouheid in ons kommando's. Die Ossewabrandwag as 'n geheel en Bethal in die besonder is baie armer met die heengaan van Oom Willie. Sy nagedagtenis sal altyd vir ons 'n bemoediging bly. Innigste meegevoel word hiermee aan sy eggenote en twee seuntjies betuig.

**IN MEMORIAM**

**DE KLERK.** — In liefdevolle herinnering aan my teerbeminde moeder, van my geskel op 26 Oktober 1943. Die dood mag skel, maar u tere liefde sal altyd by my bly. Haar verlangende seun Hennie.

**VAN DER MERWE.** — Na 'n jaar herdenk ons weer met tranen en innige verlaning 25 Oktober 1943, toe plotseling deur 'n ongeluk van ons weggeen is, ons dierbare seun en boetie, Rus sag, liewe boetie. — Van Pappie, Mamma en Anna, Burgersdorp.

**OELOFSE.** — Ons sidder as ons dink aan die middag van 25 Oktober 1943, toe ons enigste broer, Jan Johannes, so onverwags van ons weggeen is. Dikwels in die nag val daar 'n stille traan, 'n sug. Dit is vir ons onverstaanbaar. Sy skielike heengaan roep ons almal toe — Skik jou om jou God te ontmoet. Sy verlangende Suster, Swaer en kinders.

**DANKBETUIGING**

**VAN NIEKERK.** — Mnr. A. J. van Niekerk, Viassershok, wens langs hierdie weg te bedank alle familie, vriende en belangstellendes vir simpatiebetuigings, telegramme en kranse gedurende die siekte en afsterwe van sy geliefde eggenote. Alle dokters wat haar behandel het, word hartlik bedank. Spesiale dank aan mev. Pepler, suster van oorledene, wat haar so getrou bygestaan het tot op die laaste. Hartlik dank ook aan die personeel van die Volkshospitaal. Nogmaals baie dankie aan een en almal.

Hiermee wens ons almal hartlik te bedank vir teenwoordigheid, goeie wense, geskenke en hulpverlening met ons huwelik. — Hannes en Frieda van Vuuren.

Hartlik dank aan die Boerejeug-erewag vir die vereering ons aangedoen. Ons sal Brandwag staan. — H/Komdt. G. J. J. van Vuuren, Jeugveldkte. F. J. van Vuuren.

**BENODIG**

**FLUKSE** boer soek 'n goeie plaas geskik vir skaap en bees, te huur. Vir verdere besonderhede skrywe aan S. J. du Preez, Gwerna, Humansdorp.

**BETREKking VAKANT**

**BENODIG** twee jong seuns vir plaashulp. Skrywe met volle besonderhede, salaris ens. aan A. J. Strydom, Zouicht, Ventersburg.

**BENODIG** 'n meisie 19 jaar en ouer as leerling-verpleegster. Salaris 15 per maand en vry inwoning en kos vir die eerste ses maande. Daarna 16 per maand met vry inwoning en kos. Matrone Auckland Park Verpleeginrigting, Waltonlaan 18, Auckland Park, Johannesburg.

**DRINGEND BENODIG**, 'n Afrikaanse huis-houdster, in losieshuis van 20 kinders en 10 grootmense. Moet ondervinding hê van huishouding en behulpsaam wees met kinders. Bedienes in diens. Salaris 13 per maand met vry inwoning. Dienste te aanvaar vanaf 1 November. Doen aansoek by: F. J. van Rooyen, Posbus 38, Pearston.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Bep. Kamer 703, Groot Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.

**PEERSONLIK**

**ANNETTE-ATELJEE** (Edms.) Bpk. Fotografiese werk van enige aard. Uitmuntende diens teen billikste pryse. Steun hierdie Afrikaners: Spoorbondkas-Gebou, De Villiersstraat 15, Johannesburg. Foon 33-3739.

**BOERE** wil dorpenaars word, en Dorpenaars wil boere word. Nasionale Dienste, Johannesburg, bied hul dienste aan boere wat plase wil verkoop. Vir opregte en snel diens raadpleeg Nasionale Dienste, Sauergebou 18, Johannesburg. Ons het 'n magdom kopers.

**DAMES** en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. Handelarr in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.

**MY EIE SIGSELWERS.** — Dit is oor en oor bewys dat elke mens homself wonderlik kan verbeter, en daardeur self ongekende hoogtes bereik, as hy net weet hoe. Die Akademie vir Selfstudie, Posbus 584, Pretoria, gee hierin kosbare voorligting. Vra hul gratis brosjure aan.

**ONDERSTEUN** 'n Afrikaanse-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluita-vee en lewende hawe aan: H. Basson, Mark-skentskap, Breestraat 100, Newton.

**ONDERSTEUN** 'n Afrikaanse-zaak. A. P. Swart vir Kruideniersware, eetware en alle ander benodigdhede. Carolinestraat 95, Brixton. Foon 35-1879.

**ONMOONTLIK?** Waarskynlik is dit glad nie onmoontlik vir u om u gesondheid volkome te herwin nie. As u aan enige kwaal ly, afgees van hoe ernstig dit is, en of dit tot hertoe as ongeneeslik beskou is, skryf aan ons en verstreke volledige besonderhede. Geen medisyne, geen heilkundige toestelle nie, en u staan onder geen verpligting nie. — "THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE", Posbus 1336, Kaapstad.

**VAKANSIEPLAAS**

Kom vir u volgende vakansie na die rustige plaas **Vergenoegd, Riversdal**. Goeie en vriendelike behandeling. Terme billik. Doen aansoek, mev. A. Badenhorst.

**TE KOOP GEVRA**

'n **TWEDEHANDSE** Naaimasjien, trap, Singer of Mundlos. — Mv. E. J. Reyneke, Waalplaas, Libertas.

**TE KOOP**

**DOEGOE.** — Twee soorte, vir sekere kwale. Gesweet, 12/-; Spesiaal 15/- per pond. Antwoord geen briewe. K.M.B. posvry. J. J. Spies, Rus-en-Vrede, P.K. Grootkraal, Oudtshoorn.

**BESTEL** dadelik dagoud kulkens vir November-aflewering. 1,000 Australorps, 1,000 Leghorns en 1,000 kruis van Leghorn haan en Australorlp hen. Beskikbaar weekliks. Prys 15 per 100. Vooruitbetaalbaar of K.B.A. H. R. Malan, Weltevrede, P.K. Kerstfontein, Paarl. Telefoon 6293.

**GEREGISTREERDE** Afrikaaneroeie in kalf van geregistreerde bulle. Goeie telers. Navraag by Haarhoff, Uitkomst, Graaff-Reinet.

**GROENTEPLANTJIES.** — Australiese Bruin Uleplantjies, 500 3/-; 1000 5/-; Kaapse Spitskoolplantjies, 500 8/-; 1000 14/-. Gewortelde Arbelplantjies, 100 5/-. Goeie verpakking. K.m.b. posvry. — L. M. van Niekerk, Frikana, Taddcaster, K.P.

**KAROOMIS.** — Gemaal met hamermel, teen 29/- per ton; 50 ton en meer 28/6 per ton; los in trokke. In koper se sakke 28/- per ton; 50 ton en meer 25/6 per ton. In my sakke 11/- per ton meer. K.m.b., v.o.s. — G. J. C. v. d. Vyver, Nelskraal, P.K. Sheldon.

**KELPIE-COLLIE** Skaaphondjies. Ouers uitstaande werkers en baie lewendig. Reun-tjies 12, en teffies 11-10-0. — Haarhoff, Uitkomst, Graaff-Reinet.

**KOOP** u meubels by 'n mede-Afrikaner teen billike pryse. Gratis verpakking. Skryf om besonderhede. Springbok-Meubels, Spencercweg 18, Sout Rivier.

**LEMOEN-** en Veldbloeisel-Heuning in 1 pond bottels teen 24/6 per dosyn. In 50-pond-blikke teen 1/7 per pond. K.m.b. — J. H. Stiemle, Bus 46, Kirkwood, K.P.

**MEUBELS.** — Besoek of, skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 230, Pretoria. Posbus 1368. Foon 2-0194.

**MISSTOWWE.** — Ons bied aan gemaalde Karoomis teen 42/6 per ton, gelewer Unle-stasies. 50-50 mengsel teen 55/- per ton, gelewer Unle-atasies. Ganna looys vir sout-lek. Die beste soutlek teen geloesie en haars-wurm teen 20/- per sak, V.O.S. ons laai-stasies. Kontant met bestelling aan Nasionale Kasp Misstowwe, Posbus 27, Langlaagte, Tvl.

**O**, dit is „Cool Grip" Komkommersaad; 17/- per pond, 9/- halfpond. Chanteny en Nantes wortsaad 12/- per pond, 7/- halfpond.

**BEETSAD.** Egiptiese plat, 15/- per pond, 8/- halfpond. Australiese Bruin uiesaad, 6/- per pond, 4/- halfpond. Alles gesertifiseer. Beperkte voorraad. K.M.B. posvry. J. J. Spies, Oudtshoorn Premier Saadwaker, „Rus-en-Vrede," P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.

**DIAMME** — Merino Stoetery. — Beperkte hoeveelhede Wanganella ramme beskikbaar. Groot karkasse en wol met uitstekende kwaliteit die kenmerke. Plaas bestellings vroegetydig. Pryse vanaf 15 vir kudde. J. H. Moolman, Ruoord, Muldeburg K.P. Foon 412.

**VERJAARDAGKETING**

26 Okt.: Anna Susanna Koen, P.K. Aughtables; Adriana Nortje, George; Christiaan de Wet, Mosselbaai; Hendrina Eksteen, Wag-breek; Monia Anjalika Scheepers, Kirkwood; Emil Roehrbeck, P.K. Dendron; Johanna Serfontein, George; Maggie Geldenhuys, Stellenbosch; Melville Masterson, Humansdorp; Ria Theron, Carnarvon; Alexander Hamilton, Groot-Brakrivier; M. C. Du Preez, P. K. Makoppa.

27 Okt.: Maria Coetzer, Rustenburg; Michael Vosloo, P.E.; Christina Bauer, Bedford; Martha Susanna de Vries, Beaufort-Wes; Abraham Johannes J. van Zyl, Moor-reenburg; Magrietha Maria Duvenhage, P.K. Vanzylsrust; Elizabeth Coetzer, Rustenburg; Milly Theron, Duiwekop-Landgoed; Maga-retha Elizabeth Melville, Humansdorp; Gerrit van Wyk; Rietfontein; Anna D. Smit, Fraserburg.

28 Okt.: Ester Prins, Vredenburg; Carolina Kriel, Upington; George Lubbe, Tielvel; Rudolph Johannes du Plessis, P.K. Hoërval; Maria E. Smit, P.E.; Hennie Retief, Wel-lington; Marina D. Theunissen, Springbok.

29 Okt.: Christien Lombaard, Malmesbury, Dawie du Plessis, N. Paarl; Elizabeth J. Blom, Merweville; Hester du Toit, Wellin-gton; Anna Koen, George; Aletta Oelofse, P.E.; Emmerentia Oosthuizen, Observatory; Schalk J. du Toit, Fouriesburg Stasie.

30 Okt.: Jan van Niekerk, Cloocan; Ger-hardus J. du Toit, P.S. Lemoenfontein; Jacob J. Bothma, Merweville; Wille Hesketh, Suther-land; C. P. Bauer, Somerset-Oos; Carl Bellingan, P.E.; Esme Swart, Groot-Brakrivier; Hester M. S. Venter, P.K. Schuinsdrift; Beatrix Louw, Tamboerskloof; Maria J. Visser; Sutherland; Hettie Swanepoel, Duiwekop-Land-goed; Ena Vivier, Beaufort-Wes; Hennie Burger, P.K. Brandvlei.

31 Okt.: Johan Gerber, Joubertina; Pieter-nella M. Snyman, P.K. Kalkbank; Gerhar-dus Petrus Britz, Pietersburg; Aletta Steyn, Somerset-Wes; Maria. Ch. Snyman, P.K. Kalk-bank; Gys Albertus Willemsse, P.K. Maga-galeskraal.

1 Nov.: Magdalena S. Du Toit, Zeerust; Anna Du Toit, Wellington; Mathys M. B. Britz, P.S. Hottentotsrivier; Maria M. Smit, P.E.; Mariska Alita Bellingan, P.E.; Andre du Plessis, P.E.

**BEDORWE MELK**

Die Minister van Landbou het kort gelede aangekondig dat die Verdedi-gingsdepartement 240,000 blikkies melk gaan vrystel vir burgerlike ge-bruik. Sedertdien is berig dat duisen-de van hierdie blikkies wat aan die publiek verkoop is, nie geskik is vir menslike gebruik nie. 'n Tyd gelede was die vleis wat uit koelkamers ge-kom het, ook ongeskik vir gebruik.

**TE KOOP**

**SPEELSKIE.** — Bottelskeie teen 3/9; vier-kantige koppe teen 4/6. Koos Botha, P/s. Serpentine, Dist. George.

**SESMAANDE** Patatranke 5/6 per sak, ge-lewer Kleinbrak. K.M.B. A. F. de Vil-liers, Pos Brandwacht, Mosselbaai.

**SPINWIELE.** — Met „winder" 16-10-0, sonder „winder" 15-10-0. K.B.A. T. B. Neser, P.K. Marquard, voorheen Rodenbeck, Bloemfontein.

**VARS** droë gebaalde eerstegraad lusern teen 5/3. Tweedegraad 4/6. Alles per 100 pond. V.o.s. Kirkwood. — J. H. Stiemle, Bus 46, Kirkwood.

**VANS CONCRETE PRODUCTS.** — Terraz, 3-kombuis- en handwasbakke, badens, ap-tiese tenks, pilare, vloertelers, voertrede. Enig-lets in beton. Direkteur: P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.

**VOLBLOED** Karakoelramme, direk uit die beroemde Regerings-stoet te Grootfontein. Goeie kondisie en geskik vir onmiddellike ge-bruik. Navraag by: Haarhoff, Uitkomst, Graaff-Reinet.

**WYNE**

**5 GELLING** Muskadel-likteur 12-12-6; anker 13-17-6. 5 gelling Roof of Wit Muskadel-Jeripgo of Beste Ou Port 12-2-6; anker 13-2-0; 5 gelling Roof Soet Muskadel 12; anker 12-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muskadel 11-15-0; anker 12-11-0. Voorwaars: Kontant of K.B.A. Half-ge-lewer Bonneviale-stasie. Vaatjies moet terug-gelewer word. J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 8, Bonneviale, K.P.

**HERHOLDT se BOOMKWEKERYE** Posbus 660, JOHANNESBURG

**KRISANTE** — Oktober-November plantyd. Ons „DONOU" Versameling, glorieryke kleurskakering, uitstaande pragsoorte, 25/- per dosyn, 15/- vir 6.

Ons „OPER" Versameling, — reuse van die vertoontafel, fraai kleure, 18/6 per do-syn, 12/6 vir 6.

Ons „LUUKSE" Versameling, fraai kleure, reusagtige blomme. 18/6 per dosyn, 10/6 vir 6.

Ons „TUIN" Versameling, pragtige soorte gesoorterd. 15/6 per dosyn, 9/6 vir 6.

**AMERIKAANSE BOOMANGELIERE**, pienk, rooi, saam ens., gesoorterd 10/6, 12/6, 15/6 per dosyn volgens soorte. Kontant met bestelling. Sierstruik, Sierbome, Heiningbome, Rose in blikke.

**LOORLOG NOG NIE OOR, SÊ GEALLIEERDES**

**Winter Sal Duitsers Help**

Volgens Geallieerde uitlatings en berigte skyn dit tans 'n taamlike sekerheid te wees dat die oorlog nog nie hierdie jaar beëindig sal word nie, en dat die Duitsers geleentheid gedurende die naderende winter sal kry om hul krag te laat aanwas. Genl. Smuts het verlede week verklaar dat die oorlog „nie so gou oor sal wees as wat sommige mense dink nie". Die weer help die Duitsers baie, het hy bygevoeg. Ook genl. Eisenhower, Geallieerde opperbevelhebber in Europa, het onlangs verklaar dat die Duitsers nou hul tweede wind gekry het en dat hulle tot in Berlyn sal moet veg. Korrespondente aan die Wesfront ver-klaar in dié verband dat die Gealli-eerdes nou hul vordering in treë met waar dit voorheen in myle gedoen is. Verlede week het United Press dan ook openlik aangekondig dat die oor-log nie voor Kersefees sal oor wees nie weens die moeilikhede wat die winter meebring in samhang met die lang verbindingsweë van die Gealli-eerdes. Die Duitsers, so meld die be-rikt, het daarin geslaag om die be-langrike Kanaal-havens gedeeltelik buite bereik van die Geallieerdes te hou en daarsonder kan hulle nie hul volle krag oppou nie.

'n Ander korrespondent deel mee dat die Duitsers se nuwe vuurpyl-vliegtuie 'n bedreiging vir die Ge-allieerde lugmag inhou indien hulle kans kry om op groot skaal geprodu-seer te word. 'n Winterveldtog, men by, sal hulle hierdie geleentheid ver-skaaf. Hy gee ook toe dat die Ge-allieerde bomwerping in Duitsland geen uitwerking het op die onder-grondse vliegtuigfabrieke van die Duitsers nie.

Brandwagte gaan vir die Republiek tronk-toe sonder om daardeur be-roepsmisdadigers te word.

Brandwagte kan vir die Republiek parlement toe gaan sonder om be-roepspolitici te word.

**BEGRAFNISVERENIGING**



'n Klein Maandelikse Premie dek die hele Familie. Die Lykbesorger in u dorp is ons agent. **DIE SUID-AFRIKAANSE FEDERASIE VAN BEGRAFNISVERSEKERINGS-VERENIGINGS BEPERK.** (Geregistreer onder die Versekeringwet) 82 Beckettsgeweg, Presidentstraat 67, h/v. Harrisonstraat, JOHANNESBURG.

**W. VOIGT (Eiens.) Bpk.**

Fabrikante van Keider- en Besproeiings-masjinerie. Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

**O**NS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurre-rende pryse.

**B**ESTE is om ons te raad-pleeg in verband met u benodigdhede. Prysnote-rings word gratis ver-skaaf. Enige soort druk-werk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

Hou Koers Na

**Pro Ecclesia Drukkery** (Edms.) Bpk.

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders Die Laan, Stellenbosch.